KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OM 09:00 OP DINSDAG 27 OKTOBER 2015 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON TUESDAY, 27 OCTOBER 2015 AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP

RAADSLEDE / COUNCILLORS

Me E Marthinus	Speaker
Mnr R G Mitchell	Uitvoerende Burgemeester
Mnr D Jantjies	Uitvoerende Onder-Burgemeester
Mnr R Mokotwana	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
Me P Atyhosi	Raadslid
Mnr D Burger	Raadslid
Mnr J Nieuwoudt	Raadsheer
Me Z Tonisi	Raadslid

AMPTENARE / OFFICIALS

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr N Kotze	Direkteur: Siviele Ingenieursdienste
Mnr K Mrali	Direkteur: Gemeenskapsdienste
Mnr P Everson	Asst. Direkteur: Elektries
Mnr B Hayward	Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Admin Ondersteuning
Me T Stone	Bestuurder: Strategiese Dienste

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadsheer Mitchell open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Mnr S Ngwevu	Direkteur: Korporatiewe Dienste

3. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

3.1 **NOTULE VAN ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

29 September 2015

BESLUIT 252/2015

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

3.2 **NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

Geen.

4. **NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR BESLUITE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE**

4.1 **NOTULES VAN UBK VERGADERINGS GEHOU OP:**

22 September 2015

BESLUIT 253/2015

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notule.

5. **NOTULES VAN KOMITEE VERGADERINGS VOORGELê VIR KENNISNAME**

5.1 **WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU OP:**

- WYK 1 : 21 September 2015
- WYK 2 : 28 September 2015
- WYK 3 : 16 September 2015
- WYK 4 : 22 September 2015
- WYK 5 : 23 September 2015

BESLUIT 254/2015

Die Raad neem kennis van bogenoemde Wykskomitee Notules en 'n volledige skedule van uitstaande besluite sal voortaan as aanhangsel by elke Raadsvergadering verskaf word.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

6.1 **RAADSVERGADERING - 29 September 2015: Vervreemding - Erf 2441, Struisbaai**

Terugvoer word gegee oor die markwaarde van die genoemde gedeelte wat nog verkry moet word.

6.2 **WYK 3: 16 September 2015**

Terugvoer word gegee oor die publiek se navrae insake die vuil kanaal voor Simunye.

7. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

7.1 **BRIEWE VAN DANK / VIR KENNISNAME:** Aangeheg op bladsy 1 en 2

BESLUIT 255/2015

Die Raad neem kennis van bogenoemde skrywes ontvang.

7.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Geen.

7.3 **AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES**

BESLUIT 256/2015

Dat Raadslid D Burger aangewys word om Raadsheer A Coetzee te vervang by SALGA se Finansiële Werksgroep.

7.4 **DRINGENDE SAKE DEUR DIE SPEAKER VOORGELê**

Raadslid Zukiswa Tonisi lê haar eed en verklaring van plegtigheid voor die Raad af.

8. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

8.1 Die Morawiese Sendingstasie se 180ste bestaansjaar is deur die Burgemeester bygewoon.

8.2 Die teerpad tussen Gansbaai en Elim is amptelik deur die Minister geopen.

8.3 Die Vryheid van die Dorp is aan die Lugmag toegeken op Saterdag, 24 Oktober 2015.

8.4 'n Strategiese sessie sal gehou word op 29 en 30 Oktober 2015.

8.5 Raadsheer Jantjies meld dat wyk 3 hul dank uitgespreek het oor die toepassing van die Drankverkope Verordening vanaf Sondag 25 Oktober 2015.

9. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

10. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING** **Bladsy: Agenda**

10.1 **KORPORATIEWE DIENSTE / *CORPORATE SERVICES***

10.1.1	Versoek om KAM kantore op sekere dae binne die kersseisoen te sluit	**4 - 5**
10.1.2	Extension of Lease Agreement: Agri Vennote	**5 - 7**
10.1.3	Grondgebruikopname begroting	**7 - 8**
10.1.4	Oorweging om Verordening rakende drank handelsure te wysig	**9 - 10**

10.2 **GEMEENSKAPSDIENSTE / *COMMUNITY SERVICES***

10.2.1	Revised draft: Housing Selection Policy	**10 - 11**

10.3 **FINANSIëLE DIENSTE / *FINANCIAL SERVICES***

10.3.1	Quarterly SCM Implementation and Oversight: 30 September 2015	**11 - 12**
10.3.2	Logistieke- en Finansiële Bystand: Struisbaai Touchies	**12**

11. **ITEMS DEUR DIE BURGEMEESTER / BURGEMEESTERSKOMITEE NA DIE RAAD VERWYS**

11.1	Verslag van Direkteur: Finansiële Dienste vir September 2015	**13**

Bladsy: Agenda

12. **ADDISIONELE ITEMS DEUR DIE RAAD HANTEER**

12.1	Finansiële ondersteuning: Buurtwag dienste	**13**
12.2	Befondsing: Vergoeding Reserviste	**14**
12.3	Befondsing: Opgradeer/Teer van Suiderstrand pad	**14 - 15**

13. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

13.1	Verslag van die Munisipale Bestuurder inake erf 599, Waenhuiskrans	**15 - 17**

14. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

15. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

16. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

17. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN RAADSBESLUITE**
Lys van onafgehandelde Raadsbesluite verskyn op **bladsy 18.**

18. **IN-KOMITEE VERSLAE:** Die In-Komitee agenda word direk na hierdie agenda ingebind.

19. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 10:15

10. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

10.1 KORPORATIEWE DIENSTE / *CORPORATE SERVICES*

10.1.1 VERSOEK OM KAAP AGULHAS MUNISIPALE KANTORE OP SEKERE DAE BINNE DIE KERSSEISOEN TE SLUIT (BMH)

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk om Raadskantore op sekere dae binne die Kersseisoen te sluit.

AGTERGROND

Kaap Agulhas Munisipaliteit se kantore was die afgelope aantal jare slegs tot 13:00 op 24 en 31 Desember oop.

'n Versoek word aan die Raad gerig om goedkeuring te verleen dat alle kantore en biblioteke binne Kaap Agulhas Munisipaliteit op bogenoemde datums (28, 29, 30 en 31 Desember 2015) gesluit sal wees, met die uitsondering van oorde.

Daar is verskeie betaalpunte wat vir die publiek beskikbaar sal wees waar rekeninge betaal kan word, naamlik:

- Bredasdorp : Checkers, Poskantoor, Spar en Hop In
- Napier : Poskantoor
- Struisbaai : Oord
- L'Agulhas : Oord
- Waenhuiskrans : Oord
- Klipdale : Poskantoor
- Protem : Poskantoor
- Internet en Direkte Bank Inbetalings

FINANSIëLE IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURAANBEVELING

(i) Dat alle kantore van Kaap Agulhas Munisipaliteit op 28, 29, 30 en 31 Desember 2015 gesluit sal wees, uitsluitend Struisbaai kantoor.
(ii) Dat alle kantore op 4 Januarie 2015 oop sal wees vir die publiek.
(iii) Dat vooraf kennisgewings op strategiese plekke geplaas word om die publiek dien-ooreenkomstig in te lig.
(iv) Dat alle buitedienste soos geskeduleerd sal voortgaan.
(v) Dat telefoniese navrae steeds deur die bystandpersoneel hanteer sal word.
(vi) Dat 'n rampbestuurspan beskikbaar sal wees om binne 2 uur te kan rapporteer. Alle Direkteure in samewerking met die Munisipale Bestuurder sal deel uitmaak van die span.

BESLUIT 257/2015

(i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word met die uitsondering van die Struisbaai kantoor.
(ii) Dat personeel steeds verlof vir die genoemde dae sal insit.

10.1.2 EXTENSION OF LEASE AGREEMENT: AGRI VENNOTE

PURPOSE OF REPORT

To consider an application by Agri Vennote to extend their lease agreement in respect of a portion of erf 1148, Bredasdorp, commonly known as camps 1 - 11 and 13 measuring approximately 349Ha. The locality of the land is indicated on page 3.

BACKGROUND

The Municipal Council approved the initial lease in July 2010 per Resolution 108/2010. The report and resolution are attached on page 4 and 5.

Agri Vennote's lease agreement commenced on 1 January 2011 and expires on 31 December 2015. The lease agreement is attached on page 6 to 10. Clause 20 of the lease agreement grants the lessee the right to extend the lease provided they comply with all conditions set by the lessor during the term of the agreement as well as the conditions of the lease agreement and also sets out the rental for the extended term.

On 30 April 2015, Agri Vennote's submitted an application to exercise their option to extend their lease in accordance with Clause 20 of the lease agreement.

The Land Disposal Committee considered this request in June 2015, where it was decided that the project mentor (Mr J van Deventer) should submit a report detailing his compliance with the terms of the agreement and Resolution 108/2010.

The two most important conditions of this resolution which were not included in the lease agreement were that a request be submitted to Agri Vennote to allow an official from the LED Unit to attend Directors meetings to monitor the empowerment process, and that audited financial statements be submitted to the Council annually.

The LED Unit attended a Directors meeting of the partnership on 30 July 2015. At this meeting, Agri Vennote presented their Annual Financial Statements for the year ending February 2015 (page 11 to 14), and also submitted the report on their compliance with the terms and conditions of the lease agreement and council resolution as required by the Land Disposal Committee. This report is attached on page 15 to 30. During this meeting they also passed a resolution to establish a legal entity such as a company to manage the farming enterprise.

It appears from the documentation submitted and the presentations given that Agri Vennote's has fully complied with the terms of the lease agreement. Their financial statements reflect that the enterprise is well managed and profitable. The partners also seem to have a good technical knowledge of farming practices.

The only aspect that we are not totally satisfied with is the empowerment of the partners to actively participate in financial and management decisions of the partnership. This became apparent during the meeting when important decisions were taken with limited input from them. Part of Mr van Deventer's report did however indicate his intention to assist the partners to enroll in an appropriate skills programme.

The LED Unit supports the extension of the lease agreement provided that measures are put in place to address the shortcomings identified. Such measures should include the following:

1. The partnership should become a formal legal entity comprising the approved partners with equal shareholding before the extension comes into operation. The lease agreement should also reflect the name of the legal entity. The memorandum / founding document of the entity should reflect how empowerment will be implemented (decision making etc). The necessary proof must be submitted to the Municipality. This will provide the partners with more security than a partnership offers and will also ensure participative decision making.
2. The LED Unit needs to monitor empowerment more stringently, and an official should sit in on a Directors meeting on a quarterly basis to assist with the development of and monitoring of the empowerment programme and ensure that the capacity of the partners to participate in financial and management decisions is enhanced.
3. That a representative of the Department of Agriculture also be invited to sit in on quarterly meetings for ongoing monitoring and support. This could also open opportunities in terms of funding which will enhance the sustainability of the enterprise.

RECOMMENDATION: LAND DISPOSAL COMMITTEE

(i) That the lease agreement between the Municipality and Agri-Vennote in respect of a portion of Erf 1148, Bredasdorp commonly known as camps 1-11 and 13 measuring approximately 349Ha be extended in terms of clause 20 of the agreement subject to the following conditions:

1. That a legal entity comprising the approved partners with equal shareholding be established prior to the effective date of the extension.

2. That the extension of the agreement be continued in the name of the legal entity as successor in title to Agri Vennote.
3. That proof of the establishment of this entity (Memorandum / Founding statement) be submitted to the Municipality.
4. That Agri Vennote submit a monthly report on the implementation of their empowerment programme within 15 days of each month end.
5. That the LED Unit sit in on a Directors meeting on a quarterly basis to assist with the development of and monitoring of the empowerment programme and ensure that the capacity of the partners to participate in financial and management decisions is enhanced.

(ii) That a representative of the Department of Agriculture be invited to sit in on quarterly meetings for ongoing monitoring and support.
(iii) That Agri Vennote be encouraged to access available funding and support programmes from relevant agencies to enhance the sustainability of the enterprise.

RESOLUTION: LD 113/2015

(i) The recommendation of the Land Disposal committee is accepted.
(ii) That the item be referred to Council for consideration.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

For consideration by Council.

RESOLUTION 258/2015

(i) That the recommendation of the Land Disposal Committee be accepted as resolution of Council.
(ii) That all existing conditions be applicable.
(iii) That a fixed term contract for 5 years be approved.

10.1.3 **GRONDGEBRUIKOPNAME BEGROTING (15/5/R - BSSB) (ALLE WYKE)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat die Raad versoek word om die begroting vir die Grondgebruikopname sal oorweeg vir regstelling.

AGTERGROND

Daar is op tender uitgegaan vir die volgende opname op plase:

1. Primêre grondgebruik van die plaas (bv. woonhuis, skure, ens.)
2. Addisionele grondgebruike (bv. Arbeiderswonings, gaste akkommodasie, slagpale, ens.)
3. Identifisering van al die geboue op lugfoto
4. Area van saaiboerdery
5. Area van weiding
6. Eiendom se waardasies van die grond en verbeteringe moet dienooreenkomstig aangedui word.
7. Of op te breek vir erfbelasting doeleindes binne die bestaande waardasie van toepassing asook die oppervlakte vir elke gebruik sodanige gebruik moet aangedui wees.

Die volgende tenders is ontvang:

1.	Ilizwe Town and Regional Planners	R538 650,00 (Incl VAT)
2.	Metgovis Integrated Property Solutions	R674 864,30 (Incl VAT)
3.	Spatial Intelligence Pty Ltd	R965 911,74 (Incl VAT)
4.	CK Rumboll and Partners Planning	R699 960,00 (Incl VAT)
5.	CSS Geographical Information Specialists	R970 140,00 (Incl VAT)
6.	Urban Dynamics Town and Regional Planners	R999 641,38 (Incl VAT)

Die Stadsbeplanningsafdeling het net die volgende begroot: R250 000,00

Na die Evaluasie Komitee op 13 Oktober 2015 plaasgevind het, word die volgende voorstelle gemaak:

1. Daar is nog R250 000 by twee ander projekte (wat nie so dringend is nie binne dieselfde "VOTE"; en waarvoor in die volgende finansiële jaar begroot kan word), dus is daar R500 000 wat voldoende sal wees sou Ilizwe die geskikte tenderaar is.
2. Daar vanuit 'n ander "VOTE" addisionele fondse oorgedra word, indien nodig.
3. Die projek word oor twee finansiële jare strek, wat nie ideaal gaan wees nie, aangesien die grondgebruikopname redelik dringend en 'n prioriteit vir die Raad is.
4. Die Finansiële Direktoraat help om die projek te finansier.

KOMMENTAAR

Direkteur: Finansiële Dienste

Ek dink die werk wat vereis word is baie meer as wat aanvanklik binne jou beplanning mag wees maar glo dit is noodsaaklik om die projek in sy totaliteit aan te pak aangesien dit toekomsitge uitgawe mag bespaar.

Die bedrag val buite die toegelate veriment persentasie van 10% op die begrote waarde en ek sou voorstel dat 'n item aan die Raad gerig word waarin die situasie verduidelik word tesame met jou voorstel om die fondse te mag aanwend wat nie as 'n hoë prioriteit beskou word nie. Die verskuiwing kan dan verder as deel van die aansuiweringsbegroting reggestel word gedurende Januarie 2016 in lyn met jou voorstel vir goedkeuring.

WETLIKE IMPLIKASIE

Geen.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die verskuiwing van addisionele fondse met die aansuiweringsbegroting reggestel word gedurende Januarie 2016.

BESLUIT 259/2015

Dat die aangeleentheid na die aansuiweringsbegroting verwys word.

10.1.4 **OORWEGING OM VERORDENING RAKENDE DRANK HANDELSURE TE WYSIG (15/5/4 - BSSB)**

DOEL VAN VERSLAG

Oorweging om verordening insake drank handelsure te wysig.

AGTERGROND

Die tipe lisensie wat gewysig moet word is: Lisensie in terme van artikel 33(c) van die Wet vir die handelsverkope vir verbruik van die perseel waar die drank verkoop word (Bottelstoor, handelsvoedsel winkel, groothandelaar, buite-verbruik, boetieks).

Die voorgestelde handelsure is as volg: *Geen verkope op publieke Godsdienstige vakansiedae nie.*

ADVERTERING

Kaap Agulhas Munisipaliteit het 'n konsep verordening insake drank handelsure vir publieke deelname ge-adverteer in die Suidernuus en Overberg Gazette op 4 September 2015. Die konsep verordening is ook op die owerheid se webtuiste geplaas en in al die munisipale biblioteke beskikbaar gestel.

BESWARE ONTVANG

Tydens die kommentaarperiode is kommentaar verkry vanaf die volgende persoon:

Meg Cowper-Lewis

Alcohol abuse is a seriously negative health- and social problem in South Africa. With regard to Section 33(c) of the Liquor Trading Act, the Suidpunt Environmental Alliance (SEA) fully supports all reasonable proposals to change the liquor trading by-laws of the Cape Agulhas Municipality should the change result in a **decrease in the consumption of alcohol.** This would apply especially to religious holidays, public holidays and all Sundays.

Die kommentare is opsommendergewys as volg:

Die voorgestelde wysiging word ondersteun.

KOMMENTAAR VAN DEPARTEMENTE

Pieter Everson

Geen kommentaar is aanvaarbaar vir my nie.

K Mrali

Noted. No objections

Paul Valentine

Neem kennis.

Boubeheerbeampte

Kennis word geneem.

H Van Biljon

None.

N Kotze

Geen kommentaar.

S Ngwevu

No objection.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad die handelsure as volg wysig:

Geen verkope van drank ("off consumption") op publieke Godsdienstige vakansiedae nie.

BESLUIT 260/2015

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

10.2 GEMEENSKAPSDIENSTE / *COMMUNITY SERVICES*

10.2.1 REVISED DRAFT: HOUSING SELECTION POLICY

PURPOSE OF REPORT

To inform council on the proposed amendments on the Cape Agulhas Housing Selection policy as per Circular C10 of 2015 from the Western Cape Department of Human Settlements.

BACKGROUND

The MEC of Human Settlements in the Western Cape signed a Framework Policy on 21 May 2015 detailing guidelines on how municipalities should conduct "age-based prioritization" in the selection of beneficiaries for ownership- based subsidy products in green fields projects.

All municipalities have to comply with the core elements principles of the Framework Policy and project applications submitted by municipalities which are not compliant not be approved by the department. The implementation of the guidelines as stated in Circular C10 of 2015 are effective as from 21 May 2015.

LEGAL AND POLICY IMPLICATIONS

1. The Constitution of South Africa
2. The Housing Act, 1997
3. The National Housing Code, 2009
4. Circular C10 of 2015

FINANCIAL IMPLICATIONS

Advertising costs.

ADVERTISING

The amended policy, as attached on page 31 to 41 will be advertised and circulated to all relevant stake holders members and departments for comment.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

(i) That Council take note of the proposed draft housing allocation policy.
(ii) The revised draft housing allocation policy be advertised for 30 days for comments from relevant stakeholders.
(iii) After the advertisement period has lapsed a final draft with comments if any be presented to Council for adoption.

RESOLUTION 261/2015

That Management's recommendation be accepted as resolution of Council.

10.3 FINANSIëLE DIENSTE

10.3.1 QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 30 SEPTEMBER 2015 (5/27 - DFS)

PURPOSE OF REPORT

The accounting officer must, within 30 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor.

The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the first quarter from **1 July 2015 - 30 September 2015**, in order to strengthen Council's oversight role.

Implementation of Supply Chain Management Policy

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in June 2015 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

Committees

The bid committees are established and are fully functioning fully according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

For detailed information on the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 September 2015, see page 42 to 57.

MANAGEMENT RECOMMENDTION

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 September 2015.

RESOLUTION 262/2015

That Management's recommendation be accepted as resolution of Council.

10.3.2 **AANSOEK OM LOGISTIEKE- EN FINANSIËLE BYSTAND - STRUISBAAI TOUCHIES: 23 DESEMBER 2015 - IN 2 TOUCH SPORTS MARKETING CC**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk vir die aanbied van die Struisbaai Raakrugby toernooi in vennootskap met die In 2 Touch Sport Marketing CC.

AGTERGROND

'n Versoek, soos aangeheg op bladsy 58 is vanaf die organiseerders van die Struisbaai Raakrugby Toernooi ontvang om die toernooi in vennootskap met die In 2 Touch Sport Marketing CC aan te bied, sien hul skrywe op bladsy 60. Die toernooi word reeds in vennootskap met hierdie instansie aangebied sedert 2003 en vorm deel van die owerheid se somer vakansieprogram.

Die organiseerders versoek Kaap Agulhas Munisipaliteit se betrokkenheid ten opsigte van die volgende:

1. Bevestiging dat die owerheid as gasheer van die Struisbaai Raakrugby Toernooi, as deel van die oorhoofse Somer In 2 Touch raakrugby program sal aanbied.
2. Kaap Agulhas Munisipaliteit se volgehoue ondersteuning met die aanbied van die Touchies.
3. Die verlening van logisitieke- en infrastruktuur ondersteuning (vullisverwydering, hulp met reël van Provinsiale ambulans vir die dag).
4. Die naam en kontakbesonderhede van 'n skakelpersoon.
5. Prysgeld ter waarde van R30 000.

FINANSIëLE IMPLIKASIE

R30 000 (prysgeld) (begroot in posnommer 1 2010 1 2000 0500). Vorige bydraes in dié verband was tussen R25 000 en R40 000.

BESTUURAANBEVELING

Vir oorweging deur die Raad.

BESLUIT 263/2015

(i) Dat die Raad R30 000,00 bewillig vir die Struisbaai Raakrugby Toernooi.
(ii) Dat die Raad die nodige logistieke- en infrastruktuur ondersteuning sal bied (soos in 3 hierbo gemeld).

11. ITEMS DEUR DIE BURGEMEESTER / UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

11.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: FINANSIëLE DIENSTE VIR SEPTEMBER 2015
REPORT FROM THE DIRECTOR: FINANCIAL SERVICES FOR SEPTEMBER 2015

Verslag aangeheg op bladsy 76 tot 126. / *Report attached on page 76 to 126.*

(***In terme van artikel 52(d) van die MFMA moet die Uitvoerende Burgemeester 'n verslag voorlê rakende die implementering van die begroting en finansiële aspekte van die Raad, wat vervat en ingesluit is in die artikel 71 verslag.***)

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad kennis neem van die maandverslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir September 2015 ingevolge Artikel 52(d) van die MFMA en soos voorgelê deur die Burgemeester.

BESLUIT 264/2015

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

12. ADDISIONELE ITEMS DEUR DIE RAAD HANTEER

12.1 AANSOEK OM FINANSIëLE ONDERSTEUNING VIR BUURTWAG DIENSTE: BREDASDORP, STRUISBAAI EN NAPIER (5/18/1)

DOEL VAN VERSLAG

Om 'n aansoek om finansiële ondersteuning ontvang vir buurtwagdienste te Bredasdorp, Struisbaai en Napier, te oorweeg (skrywe vanaf die Stasiebevelvoerder van Struisbaai SAPD word hierby aangeheg).

AGTERGROND

Die buurtwag dienste te Bredasdorp, Struisbaai en Napier is 'n vrywillige diens wat deur gemeenskapslede gelewer word ter versterking van hul hand. Daar word sterk op hul gesteun en hulle werk die hele jaar sonder enige vergoeding. Hulle vra dus vir finansiële ondersteuning.

In 2014 was die volgende bedrae toegeken, naamlik:

Struisbaai	:	R12 000,00
Napier	:	R 8 500,00
Bredasdorp	:	R18 000,00

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad bogenoemde finansiële ondersteuning oorweeg vir goedkeuring.

BESLUIT 265/2015

Dat die Raad R38 500,00 beskikbaar stel vir buurtwagdienste in Struisbaai, Napier en Bredasdorp (Waenhuiskrans ingesluit).

12.2 **AANSOEK VIR BEFONDSING: VERGOEDING RESERVISTE (5/18/1)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk om 'n finansiële bydrae te maak vir SAPD se reserviste in die Kaap Agulhas gebied.

AGTERGROND

Bredasdorp Polisieforum maak jaarliks gebruik van reserviste om die polisie by te staan met die bekamping van misdaad oor die fees seisoen. 'n Skrywe, soos aangeheg, gedateer 16 Oktober 2015 is van die "Voorsitter: Gemeenskap Polisiëringsforum" ontvang waarin gevra word om 'n finansiële bydrae vir die betaling van Polisie Reserviste wat diens gaan doen vanaf die 15de Desember 2015 tot 15de Januarie 2016.

In 2014 is 'n bedrag van R30 000,00 beskikbaar gestel om lede se "stipends" te betaal.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad bogenoemde finansiële ondersteuning oorweeg vir goedkeuring.

BESLUIT 266/2015

Dat die Raad R30 000,00 beskikbaar stel vir die vergoeding van reserviste.

12.3 **AANSOEK OM BEFONDSING VIR OPGRADERING/TEER VAN SUIDERSTRAND PAD (5/22/1 - DTD) (WYK 5) /** ***APPLICATION FOR FUNDING - UPGRADING/TAR OF SUIDERSTRAND ROAD (5/22/1 - DTS) (WARD 5)***

DOEL VAN VERSLAG / ***PURPOSE OF REPORT***

Vir die Raad om toestemming te verleen dat 'n versoek aan Provinsiale- of Nasionale Departement van Vervoer en Publieke Werke gerig kan word vir befondsing vir die opgradering/teer van die Suiderstrand pad. / *Council to approve a funding application to Provincial- or National Department of Transport and Public Works for the upgrading/tarring of the Suiderstrand Road.*

AGTERGROND / ***BACKGROUND***

Die Suiderstrand pad is in 2009 vanaf die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke aan Kaap Agulhas Munisipaliteit oorgedra en word tans geklassifiseer as munisipale straat. Die pad struktuur bestaan tans uit ongeklassifiseerde lae, klipbanke by plekke, G6 padoppervlakte en onvoldoende stormwater dreinering.

Die probleem met die bogenoemde stand van die pad, is dat dit onbekostigbaar duur is om te onderhou en dat meer permanente oplossings groot kapitale insette vereis.

Ongeag die huidige status van die pad, verrig dit 'n funksie wat die pad klassifiseer as 'n provinsiale pad. Die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke is van mening dat hulle nie kapitaal in bates kan belê wat nie aan hulle behoort nie.

Provinsie is wel bereidwillig om tesame met KAM 'n befondsingsaansoek aan die Nasionale Departement van Vervoer en Publieke Werke te doen vir die totale opgradering van die Suiderstrand pad.

FINANSIëLE IMPLIKASIE / *FINANCIAL IMPLICATIONS*

Geen op hierdie stadium nie.

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

(i) Dat die Raad die voorstel van Provinsie ondersteun om 'n gesamentlike aansoek by die Nasionale Departement van Vervoer en Publieke Werke in te dien om die Suiderstrand pad te teer. / *That Council approves the proposal from Provincial Government to submit a joint application to the National Department of Transport and Public Works for the tarring of the Suiderstrand Road.*

(ii) Dat die Tegniese Departement van KAM, tesame met die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke 'n kosteberaming finaliseer en laasgenoemde dan die aansoek by die Nasionale Departement van Vervoer en Publieke Werke sal indien. / *That CAM's Technical Department, together with the Provincial Department of Transport and Public Works, finalise a costing after which they will submit the application to the National Department of Transport and Public Works.*

BESLUIT 267/2015

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

13. DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

13.1 VERSLAG VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER INSAKE ERF 599, WAENHUISKRANS/ ARNISTON

DOEL VAN VERSLAG

1. Om goedkeuring van die Raad te verkry vir die verkoop van erf 599, Waenhuiskrans/Arniston per publieke veiling.
2. Om goedkeuring van die Raad te verkry vir die wedersydse skikking van alle regsgedinge rakende erf 599, Waenhuiskrans/Arniston.

AGTERGROND

Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Beperk (in likwidasie) het erf 599, Waenhuiskrans/Arniston vanaf die Raad gekoop in terme van 'n geskrewe ooreenkoms wat op 19 Oktober 2004 gesluit was. Hierna het Verreweide voortgegaan om 'n struktuur op die gemelde erf op te rig.

Op 18 November 2009 het die Wes-Kaapse Hooggeregshof 'n interdik toegestaan wat alle bouwerk op die erf gestop het en erf 599 was weer in die naam van die Raad oorgedra op 5 September 2011. Verreweide het toe regsaksies teen die Raad begin vir die eis van kontraktuele skade ter waarde van R33 119 510,00 as 'n alternatiewe eis en 'n verrykingseis van R6 950 370,00 en die terugbetaling van die destydse verkoopprys van R493 044,30 asook die oordragskoste van R7 404,30.

Die Raad staan hierdie eis teen en Verreweide bly in okkupasie van die struktuur. Op regsadvies bring die Raad 'n aansoek vir die sloping van die struktuur en opponeer Verreweide die aansoek en bring 'n aansoek vir die hersiening en tersydestelling van die sloping. Op 14 Augustus 2014 beslis die Hooggereshof, Wes-Kaap dat die gebou nie gesloop moet word nie. Die Raad appèlleer teen die beslissing en die saak is tans hangend.

Intussen het die Raad die erf laat hersoneer vanaf publieke oop ruimte en residensieel na dié van besigheid, aangesien die bedoeling nog altyd was dat die erf as een met besigheidsregte verkoop moet word. Verder het die Raad reeds sover terug as Desember 2013 die Munisipale Bestuurder gemagtig om die moontlikheid van 'n skikking tussen die Raad en Verreweide in die aangeleentheid te ondersoek.

ONDERSOEK

Na verskeie vergaderings en ook die bereidwilligheid van beide partye om tot 'n gemeenskaplike skikking te kom, is daar nou 'n skikkingsooreenkoms beding. Die ooreenkoms kom basies op die volgende neer:

1. Dat die eiendom verkoop word.
2. Dat die skikkingsbedrag gekoppel word aan die verkoopprys wat nie 'n waarde van R9,5 miljoen gaan oorskry nie.
3. Dat die skikkingsooreenkoms as volle en finale skikking sal dien vir alle kwessies onder saaknommers 2226/2012, 1926/2008, 20755/2013 en 14084/2012.

Beide partye se regsverteenwoordigers (tesame met die senior advocate) was betrokke met die opstel van die skikkingsooreenkoms.

WETLIKE VEREISTES

Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 56 van 2003, reël die verkoop van munisipale kapitaalbates.

14. Disposal of capital assets.—(1) A municipality may not transfer ownership as a result of a sale or other transaction or otherwise permanently dispose of a capital asset needed to provide the minimum level of basic municipal services.

(2) A municipality may transfer ownership or otherwise dispose of a capital asset other than one contemplated in subsection (1), but only after the municipal council, in a meeting open to the public—

(*a*) has decided on reasonable grounds that the asset is not needed to provide the minimum level of basic municipal services; and

(*b*) has considered the fair market value of the asset and the economic and community value to be received in exchange for the asset.

(3) A decision by a municipal council that a specific capital asset is not needed to provide the minimum level of basic municipal services, may not be reversed by the municipality after that asset has been sold, transferred or otherwise disposed of.

(4) A municipal council may delegate to the accounting officer of the municipality its power to make the determinations referred to in subsection (2) (*a*) and (*b*) in respect of movable capital assets below a value determined by the council.

(5) Any transfer of ownership of a capital asset in terms of subsection (2) or (4) must be fair, equitable, transparent, competitive and consistent with the supply chain management policy which the municipality must have and maintain in terms of section 111.

(6) This section does not apply to the transfer of a capital asset to another municipality or to a municipal entity or to a national or provincial organ of state in circumstances and in respect of categories of assets approved by the National Treasury, provided that such transfers are in accordance with a prescribed framework.

'n Waardasie is dus ook in terme van Artikel 14(2)(b) gekry om die markwaarde van die eiendom te bepaal. Die markwaarde, soos die erf tans daar uitsien is bepaal op R5,3 miljoen.

BESTUURSAANBEVELING

(i) Dat die Raad, in terme van Artikel 14(1) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 56 van 2003 besluit dat erf 599, Waenhuiskrans/Arniston, nie benodig word vir die verskaffing van basiese munisipale dienste nie.
(ii) Dat die Raad die regverdige markwaarde van erf 599 ten bedrae van R5,3 miljoen bevestig.
(iii) Dat die Raad die Munisipale Bestuurder magtig om die skikkingsooreenkoms, met voorwaardes soos vervat daarin, te onderteken.

BESLUIT 268/2015

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

17. ONAFGEHANDELDE RAADSBESLUITE

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
205/2014	Kantoorakkommodasie	(iv) Dat erwe 581, 591 en 3652, Bdorp op 'n openbare veiling vervreem word met 'n insetwaarde gekoppel aan die markwaarde soos bepaal. (v) In gesprek getree word met 'n ontwikkelaar om die Raad te adviseer rakende die toekomstige moontlike gebruike van erwe 581, 591 en 3652. (vi) Moontlikheid om erwe 581, 591 en 3652, Bredasdorp op 'n openbare veiling te vervreem ondersoek word en verslag aan die Raad voorgelê word.	***Punte (i) tot (iii) is reeds afgehandel. 'n Verslag oor punte (iv) tot (vi) sal weer aan die Raad voorgelê word.***	MB
70/2015	Market Analysis: Retirement Village, Bredasdorp	Ontwikkelingsvoorstelle vir die gedeelte weer gevra word.	***Konsep na Munisipale Bestuurder en R Sefoor.***	BSSB
105/2015	Vervreemding: Erf 5221, Bredasdorp (Waxa)	Terug verwys word vir moontlike ontwikkelingsvoorstelle.		Eiendoms-administrasie

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad kennis neem van die onafgehandelde Raadsbesluite.

BESLUIT 269/2015

(i) Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.
(ii) Dat die Raad kennis neem dat erf 581, Bredasdorp tydens 'n openbare veiling verkoop is vir R1,25 miljoen. Die hoogste aanbod vir erf 1893, Bredasdorp was R2,6 miljoen en die Munisipale Bestuurder is tans besig om met die afslaer te onderhandel oor 'n verdere aanbod.
(iii) Dat die bestaande huurders "ou Suidpunt Voetjies" in kennis gestel word van die prosesse wat gevolg sal word.

Hierna gaan die Raad In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2015**

_____

SPEAKER **DATUM:**